SA BOERBOK TELERSVERENIGING
VEILINGS REËLS - FEBRUARIE 2014

Die volgende veilings moet deur lede van die SABTV onder beskerming van die SABTV aangebied word :

- Nasionale Veilings
- Wêreld- en Nasionale Skouveilings
- Produksie- en Privaatveilings
- Klub Veilings
- Geakkrediteerde Veldramveilings

Die volgende veilings reëls is op bostaande veilings van toepassing en kan van tyd tot tyd deur die Raad van die SABTV aangepas en/of gewysig word :

1.NASIONALE VEILINGS

1.1 Toegang :

1.1.1 Slegs lede van die SABTV wat as tipe A, B of C telers by SA Stamboek geregistreer is, mag diere op die vereniging se Nasionale veiling aanbied

1.2 Aansoek :

1.2.1 Aansoeke om diere op die Nasionale veiling te mag aanbied, moet jaarliks op die voorgeskrewe vorm wat deur die kantoor aan lede voorsien word, aan die kantoor gerig word voor of op ‘n datum soos deur die Raad bepaal.

1.2.2 Geen aansoeke sal na die sluitingsdatum, soos deur die Raad bepaal, oorweeg word nie

1.3 Omvang :

1.3.1 Die omvang van diere wat op die Nasionale veiling aangebied mag word, berus in die uitsluitlike diskresie van die Raad en sal jaarliks deur die Raad bepaal word

1.3.2 Indien die Raad van mening sou wees dat die aanbod van diere die potensiële aanvraag van diere te ver oorskry, sal die Raad by magte wees om die aanbod van diere op ‘n pro-rata basis te verminder

1.4 Spektrum : Stoet- sowel as kudde diere mag deur lede op die Nasionale veiling aangebied word

1.5 Stamboek Registrasie : Vanaf 1 Januarie 2013 moet alle diere wat op die Nasionale veilings aangebied word, by SA Stamboek geregistreer wees.

1.6 Inskrywingsfooi :

1.6.1 ‘n Inskrywingsfooi soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal is aan die SABTV betaalbaar (Tans R 100.00 per ram en R 60.00 per ooi)

1.6.2 Voornoemde bedrae kan van tyd tot tyd deur die Raad aangepas word.